**28 April**
**Skrifgedeelte: Psalm 139:14-18 (OAV)**
**Fokusgedeelte: Psalm 139:18**

**‘n Môrelied: Word ek wakker, dan is ek nog by U!**

In Psalm 139 besing Dawid die Here se alwetendheid. Hoe meer hy daaroor nadink dat die Here hom deurgrond, hoe meer staan hy verwonderd. Sy sit en opstaan, sy gaan en lê, die woorde op sy lippe en selfs die gedagtes agter sy woorde lê oop voor die Here. Dawid loof God omdat God hom so kunstig gemaak het. Dawid verbly hom intens oor alles wat die Here in sy lewe doen. Toeval bestaan nie. Elke lewensdag is in ewigheid reeds vasgestel. Dit is heerlik om oor God se grootheid te kan dink en sing.

Ons, wat Dawid se medegelowiges is, kan oor nog baie meer jubel as wat die koning van die Ou Testament kon doen. Ons prys God oor die verlossing wat daar in Christus is. Ons dank die Vader vir sy Gees wat in ons woon en werk. Ons aanbid God Drie-enig in die voortgang van sy werke.

Met sulke lof en dank het Dawid hom lewenslank besig gehou. Daarmee was hy elke dag besig. Dit het sy dag sinvol gemaak. Met dieselfde lof en dank het hy in die aand gaan lê en aan die slaap geraak en die volgende oggend, as hy wakker word – dan is sy eerste gedagte weer by God. Waar hy die draad gisteraand met slaaptyd laat val het, tel hy dit die volgende oggend weer op. “Word ek wakker, dan is ek nog by U.” Hoe het jou dag begin? Waaroor het jy gedink toe jy gisteraand gaan slaap het?

*Sing: Psalm 139:9 Ds GJ Meijer (Wonderboompoort)*